HOOFSTUK 7

7. DIE PLEK VAN VOORLIGTING IN 'N STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

7.1 Inleiding

Die maak van keuses op persoonlike, opvoedkundige en beroepskeuse terreine vereis van die kind die ontwikkeling tot keuseselfstandigheid, waarvoor onder= steuning deur die professionele Voorligter nodig is. Dit is veral nodig binne 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, waar die leerling op opvoed= kundige terrein voor 'n wye spektrum van keuses gestel word. Die bereiking van hierdie doelstellings vereis daarom 'n goed georganiseerde en gespesiali= seerde Voorligtingstelsel op primêre en sekondêre onderwysvlak.

In hierdie hoofstuk word eerstens aandag gewy aan die bepaling van 'n weten= skaplik presiese begrip om die voorligting as professionele pedagogiese ak= tiwiteite te omskryf. Hierna word die beginsels waarop Voorligting berus kortliks aangestip. Voorligting op primêre en sekondêre onderwysvlak word onder die hoofde: doel, personeel en praktyk van Voorligting bespreek. Hier= na word enkele algemene beginsels in die opleiding van die Voorligter uiteen= gesit.

7.2 Begripsbepaling

7.2.1 Voorligting

Enkele beskouinge oor die begrip Voorligting word vervolgens bespreek.

Nel en Sonnekus (1959, p. 24) grond hulle afwysing van die begrip Voorligting, as omskrywing van die leiding aan die leerling op persoonlike, opvoedkundige en beroepskeuse terreine, op 'n verklaring in die Verklarende Afrikaanse Woor=

deboek van Kritzinger, Labuschagne en Pienaar. Hiervolgens word "voorlig" as "onderrig, inligting verstrek" omskryf. Nel en Sonnekus beskou hierdie twee verklarings van die begrip as teenstrydig en nie sinoniem aan mekaar nie. Deur Voorligting gelyk te stel aan laasgenoemde verklaring word die begrip losgemaak van enige onderrig- of opvoedingsaktiwiteit en beperk tot die ver= strekking van inligting op 'n bepaalde terrein, byvoorbeeld beroepsinlig= ting, "sonder die opsetlike bedoeling dat daar 'n waardebesef opgewek moet word" (Nel en Sonnekus, 1959, p. 24). Die "vermenging van voorligting met opvoeding" is daarom "onhoudbaar" (Nel en Sonnekus, 1959, p. 28).

Landman (1961, p. 17) huldig dieselfde standpunt as Nel en Sonnekus met be= trekking tot die kritiek op die term Voorligting. Hy reduseer Voorligting ook tot die verskaffing van inligting (kennis) aan byvoorbeeld pasiënte in ver= band met 'n dieët of aan leerlinge oor vryetydsbesteding. Hierdie kennisoor= draging geskied dus in 'n nie-pedagogiese situasie. Wanneer inligting bin= ne 'n pedagogiese situasie verskaf word, is daar sprake van keuses, wat ge= paard gaan met "die strewe na die verwerkliking van waardes" (Landman, 1961, p. 21). Om hierdie redes beskou Landman, Nel en Sonnekus die term Voorlig= ting as te beperk om dié diens aan die leerling binne die pedagogiese situ= asie in te sluit.

Barkhuizen (1974, p. 7) gee toe dat "daar tans aan die terme voorligting en beroepsvoorligting 'n meer pedagogiese gangbare inhoud gegee word". Hy stel homself egter tog op die standpunt dat Voorligting slegs as 'n "inligtende aspek" van die omvattende Beroepsleiding of Beroepsoriëntering beskou kan word (Barkhuizen, 1974, p. 6).

Die Vaktaalburo omskryf Voorligting soos volg:

"a. feite, gegewens of wetenswaardighede omtrent sake (konkreet of abstrak) of persone (in maatskaplike sin) wat gewoonlik saam met raadgewing, op of sonder aanvraag verstrek word as leiding by moontlike of voorgenome hande= ling (insluitende denke), en

b. die verskaffing of verstrekking van die feite, gegewens of wetenswaardig= hede soos in (a) hierbo genoem".

Die wetenskaplike wat hierdie etimologiese ontleding bestudeer, stel homself op 'n vaster grondslag in sy besinning as diegene wat die term Voorligting afwys op grond van 'n woordeboekverklaring. "Dit is dus onnodig dat daar van die gebruik van die term Voorligting in opvoedkundige konnotasie weggeskram word, want om aan die term Voorligting die betekenis van hulpverlening, steun= gewing, raadpleging en leiding (deur opvoeder en jeugdige) toe te skryf, is geheel en al geregverdig" (Spies, 1970, p. 42).

Schutte (1964, p. 5) sê dat Voorligting plaasvind "waar daar bewustelik en on= bewustelik opgevoed en onderwys word". Kruger (1977, p. 6) stem hiermee saam en sê dat "alle opvoeding Voorligting is, net soos alle voorligting ook opvoed= ing is".

Jones (1970, p. 3) huldig dieselfde standpunt as Schutte (1964) en Kruger (1977): "Guidance is an integral part of education and is centered directly upon this function".

In hierdie studie word daar aangesluit by die beskouinge van Schutte (1964), Spies (1970), Jones (1970) en Kruger (1977), omdat alle inligting wat binne die pedagogiese situasie aan die leerling gegee word ten doel het om hom te lei op die weg na volwassenheid.

In die Staatskoerant van 12 November 1971 (p. 20) word Voorligting soos volg omskryf: "16(1) Voorligting word aan 'n leerling verskaf ten opsigte van per= soonlike aangeleenthede, 'n opvoedkundige keuse en, met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse.

2) Voorligting sluit in sielkundige, terapeutiese, remediërende en skoolbe= soekende dienste en skakel met die departementele geneeskundige en tandheel= kundige diens.

17. Voorligting word aan 'n leerling verskaf in medewerking met die betrokke skoolpersoneel en met inagneming van die wense van die leerling en sy ouers".

In die Staatskoerant van 19 Maart 1976 het die Minister van Nasionale Opvoed= ing deur Regulasie R434 bepaal dat Skoolvoorligting (kyk par. 7.2.2) in die

opleiding van "alle onderwysers en onderwysers belas met skoolvoorligting" ingesluit moet word. Kruger (1977, p. 6) beskou Voorligting hiervolgens as 'n "opvoedingsaktiwiteit wat op meer as een vlak van geskooldheid lê, naamlik dié van die 'gewone' onderwyser en dié van die voorligter met gespesialiseerde opleiding". Eersgenoemde beklemtoning omskryf hy soos volg: "Voorligting op algemene vlak is daarom die verantwoordelike bemoeiing wat die opvoeder met die kind maak om hom te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van fak= tore wat sy geestesgesondheid kan versteur, hom te help in die optimale ont= plooiing van al sy moontlikhede en hom te bring tot verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewensroeping".

7.2.2 Skoolvoorligting

Fourie (1973, p. 7) sê dat "skoolvoorligting in werking tree as die leerling die eerste keer in aanraking kom met sekere aspekte van die skool". Daar is daarom na skooltoetrede sprake van voorligting in die opvoedingsituasie (Kruger, 1977, p. 1). Ander vorme van Voorligting, soos Huweliksvoorligting en landboukundige Voorligting word dus deur die begrip Skoolvoorligting uit= gesluit. Joubert (1974, p. 12) omskryf dié begrip as volg: "Skoolvoorligting dui op hulp in vakkeuse, kursuskeuse, die keuse van skole en naskoolse onder= wysinrigting, asook voorligting met betrekking tot leerprobleme, studiemeto= des, sinvolle selfbegryping van moontlikhede en beperkthede en sinvolle be= roepskeuse".

Dit blyk dus dat daar met die begrippe "Voorligting" en "Skoolvoorligting" in wese presies dieselfde bedoel word. In hierdie werk sal daar van die begrip Voorligting gebruik gemaak word om na die genoemde aktiwiteite in die opvoed= ingsituasie te verwys. Die begrip Voorligting word deur al die onderwysdepar= temente gebruik en is bekend in die "onderwysersmond".

7.2.3 Skoolvoorligtingsdiens

Kluyts (1975, p. 1) beskou die Sielkundige en Voorligtingsdiens as "'n hulp= diens wat daargestel is om aan die kind, veral aan die leerling wat in nood

verkeer, hulp te verleen". Hier word verwys na die diens wat deur die onder= skeie onderwysdepartemente gelewer word as hulpdiens tot die voorligtingsdiens wat onderwyservoorligters in die skool verrig. Die skoolvoorligtingsdiens neem dus nie die plek van die onderwyser-Voorligter in nie, maar hanteer leer= lingprobleme wat deur die skool daarheen verwys word.

7.3 Beginsels waarop Voorligting berus

7.3.1 Antropologiese uitgangspunte

Voorligting veronderstel 'n handeling wat plaasvind tussen ten minste twee mense in 'n opvoedingsituasie. Die wyse waarop en doelstellings waarvolgens hierdie handeling plaasvind, word vanuit die Voorligter se mensbeskouing gerig. "Die grondbeginsel van Voorligting is dat die mens primêr 'n religieuse wese is, as sodanig op God aangelê en daardeur ook op die medemens en op die self, met al die implikasies daarvan" (Schutte, 1964, p. 1).

Vir die Christen-gelowige Voorligter is die kind 'n geskapene na die beeld van God, medesondaar en medeverloste. Vanuit hierdie perspektief kan die Voorlig= ter 'n suiwer begrip vir die uitoefening van sy roeping en insig in sy eie te= kortkominge ontwikkel (Kruger, 1977, p. 7).

As burger in die Koninkryk van God, moet die kind deur die Voorligter gelei word om sy arbeid (skoolwerk en latere beroepsbeoefening) tot eer van sy Skepper en in diens van sy medemens te verrig (Fourie, 1973, p. 36). In hierdie ver= band beskou Schutte (1964, p. 1) die "liefdesverhouding" as grondbeginsel vir alle Voorligting.

Die Christenvoorligter gee leiding aan leerlinge om hul vryheid binne die Wet met verantwoordelikheid te hanteer. Die kind is 'n onmondige mens met gebrek aan insigte en ervaring, en daarom aangewese op leiding en voorligting.

7.3.2 Opvoedkundige uitgangspunte

7.3.2.1 Individuele verskille

Die grondslae van gedifferensieerde onderwys is die ongelykheid, maar gelyk= waardigheid van alle leerlinge (kyk par. 2.4.1). Leerlinge verskil van mekaar met betrekking tot fisiese, psigiese en geestelike wesenskenmerke. Die Voor= ligter moet daarom in sy leiding aan leerlinge in persoonlike, opvoedkundige en beroepskeuses rekening hou met dié uniekheid van elke leerling (Scott, 1974, p. 38; Keller, 1976, p. 19). Individuele verskille moet so vroeg as moontlik in die skoolloopbaan van die leerling geïdentifiseer en opvoedkundig daarin voorsien word.

7.3.2.2 Die keusebeginsel

Die mens is vry binne die grense van die Wet van God en kan daarom self keuses maak tussen gegewe moontlikhede op verskillende lewensterreine. Ooreenkomstig sy onvolwassenheid en die gebrek aan kennis van die gevolge van bepaalde keu= ses, is die leerling aangewys op die leiding van die volwassene. Met toename in insig slaag die leerling daarin om sinvoller keuses te maak en te vorder op die pad na selfstandigheid en onafhanklikheid (Howard, 1974, p. 12). "Keu= seweerbaarheid veronderstel keusevolwassenheid, dit wil sê 'n vermoë om 'n verantwoordelike en verantwoordbare keuse te doen en te verwesenlik" (Joubert, 1974, p. 19).

Die Christenvoorligter lei verder die kind om in die maak van keuses bepaalde Christelike norme aan te lê, omdat die mens deur elke keuse antwoord gee op sy Godgegewe roeping. Die gelowige Voorligter sal egter ook verbiedend optree wanneer dit duidelik is dat 'n leerling se keuse nadelige gevolge vir sy fi= siese, psigiese of geestelike ontwikkeling sal hê of dat sy skolastiese vorder= ing daardeur in gevaar gestel kan word (Kruger, 1977, p.9).

7.3.2.3 Die totaliteitsbeginsel

Die kind is altyd as totaliteit in die opvoedingsituasie betrokke. Optimale aktualisering van die leerling se intellektuele potensiaal hang ten nouste saam met sy fisiese en psigiese gesondheid (Theron, 1975, p. 45). Intelligen= sie word dikwels kompartementeel en as 'n losstaande entiteit van die totale persoonlikheidstruktuur beskou. Voorligting kan alleen slaag as die onderskeie persoonlikheidskenmerke, naamlik:aanleg, vermoë, belangstelling en persoonlik= heid van die leerling as 'n "ontwikkelende eenheid" beskou word (Steyn, (B), 1975, p. 12).

7.3.2.4 Die beginsel van kontinuïteit

Voorligting is 'n kontinue handeling wat vanaf skooltoetrede as diens aan die leerling beskikbaar moet wees. Die leerling is voortdurend besig om keuses te maak op persoonlike en opvoedkundige terrein en daarom is leiding en steunge= wing nie 'n sporadiese aktiwiteit nie, maar 'n deurlopende handeling waaraan die leerling as onvolwassene behoefte het (Braine, 1976, p. 57; Kruger, 1975, p. 18). Die vestiging van werksmotivering en korrekte studiemetodes in die primêre skool lê reeds die grondslag vir optimale aktualisering van elke leer= ling se vermoëns in sy hele skoolloopbaan en 'n gelukkige beroepslewe daarna (Barkhuizen, 1974, p. 13).

Die leiding van die leerling tot selfkennis (eie moontlikhede en tekortkominge) en beroepskennis geskied langs die weg van die hele skoolloopbaan om uiteinde= lik in 'n bepaalde beroepskeuse te kulmineer. Die Voorligter is voortdurend besig om inligting oor die leerling in te win, te interpreteer en weer inlig= ting te gee, byvoorbeeld met betrekking tot vak-, skooltipe-, studierigting- en beroepskeuse (Scott, 1974, p. 39).

7.4 Voorligting op primêre onderwysvlak

7.4.1 Doel met Voorligting op primêre onderwysvlak

Die belangrikste doelstellings is om:

a. die leerling te lei tot insig in sy liggaamlike, psigiese en geestelike moontlikhede en tekortkominge op persoonlike en opvoedkundige terrein (Kruger, 1977, p. 13; Fourie, 1973, p. 35; Jones, 1970, p. 104; RGN-ver= slag, 1970, p. 85; Bent, 1970, p. 381);

b. leerprobleme en emosionele versteuring so vroeg as moontlik te identifiseer, die leerling te help om dit uit te skakel en so tot volle selfverwesenlik= ing te kom (Kruger, 1977, p. 15; Jones, 1970, p. 104; Behr, 1974, p. 50; Cruickshank, 1975, p. 33; Theron, 1975, p. 43);

c. die leerling te help in die toe-eiening van "beginsels, lewensnorme en mo= rele waardes, sodat hy ook as gelowige standpunt kan inneem" (Kruger, 1977, p. 14);

d. benewens inligting oor sy eie vermoëns, aanlegte, belangstellings, algemene persoonlikheidskenmerke soos affektiewe ingesteldheid en studiemetodes die leerling ook te oriënteer met betrekking tot skooltipes, vak- en studierig= tingkeuses waarmee hy na st. 5 te doen sal kry (RGN-verslag, 1970, p. 85; Kruger, 1977, p. 17; Jones, 1970, p. 105);

e. werksmotivering en -ingesteldheid as noodsaaklike eienskappe vir sukses in sy hele skoolloopbaan en latere beroepslewe by die leerling te vestig (Kruger, 1975, p. 19; Nash, 1973, p. 373; Barkhuizen, 1974, p. 11);

f. aan elke ouerpaar inligting oor die skolastiese vordering en algemene per= soonlikheidsontwikkeling van hul kind te gee, sowel as leiding oor verkeer= de opvoedingshoudinge by die ouerhuis en die vestiging van samewerking tus= sen die huis en die skool (RGN-verslag, 1970, p. 85; Kruger, 1977, p. 20; Scott, 1974, p. 39; Hirsch, 1970, p. 84); en

g. dit is ook die taak van die opgeleide Voorligter om algemene inligting oor 'n betrokke leerling in professionele hoedanigheid aan ander onderwysers mee te deel, sodat 'n beter begrip van die oorsake vir leer- of gedrags= probleme opgebou kan word (RGN-verslag, 1970, p. 85; Kruger, 1977, p. 20; Bent, 1970, p. 386).

7.4.2 Personeel vir Voorligting

Die plek en taak van die Voorligter op primêre onderwysvlak is nog nie in Suid-Afrikaanse skole duidelik omlyn nie. In hierdie verband het die Komitee vir Gedifferensieerde onderwys en Voorligting (1964) die personeelaanwending vir Voorligting in die primêre skool ondersoek en bevind dat die verskillende onderwysdepartemente hoofsaaklik van die onderskeie Sielkundige en Voorligtings= dienste gebruik maak in Voorligtingswerk (RGN-verslag, 1970, pp. 85 - 88). Die taak van onderwysers in die primêre skool is om die kumulatiewe verslagkaarte van leerlinge op datum te hou. Uitslae van psigometriese toetse, skoolpres= tasie en algemene inligting oor die kind word op hierdie kaarte aangeteken.

In die Oranje-Vrystaat is daar onderwyser-toetsers wat sekere gestandaardi= seerde toetse toepas en met behulp van die departementele sielkundiges die re= sultate vertolk. Die skoolhoof en senior personeel is verder verantwoordelik om groeps- en individuele gesprekke met leerlinge en hul ouers te voer met be= trekking tot skoolkeuse na st. 5.

Die belangrike rol van die berader ("counsellor") in die primêre skool word deur verskeie navorsers, byvoorbeeld Jones (1970, p. 117) en Ciavarella (1973, p. 384) beklemtoon. Ginzberg (1973, p. 382) verskraal die rol van die Voor= ligter tot beroepsraadgewer, wie se taak in die eerste plek leiding aan vol= wassenes behels. Kontinue Persoonlikheids- en Opvoedkundige Voorligting aan alle leerlinge verseker 'n gebalanseerde persoonlikheidsontplooiing en opti= male skolastiese vordering.

In die empiriese ondersoek van hierdie navorsing word die behoefte aan 'n op= geleide Voorligter en/of Remediërende onderwyser op die personeel van die pri= mêre skool nagevors.

7.4.3 Die praktyk van Voorligting

7.4.3.1 Die noodsaaklikheid van Voorligting vir die primêre skool

Alhoewel leerlinge op primêre onderwysvlak in die algemeen volgens bepaalde kriteria in klasgroepe ingedeel word, kom heterogeniteit egter steeds in 'n baie groot mate voor. Individuele verskille behels verder nie slegs ongelyk= heid in intelligensie nie, maar omsluit die hele persoonlikheid van die kind. Vroeë identifikasie van hierdie verskille lê bepaalde ontwikkelingsvlakke bloot, waarvoor in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys voorsiening ge= maak moet word (Jones, 1970, p. iii; Adams, 1965, p. 350). Die Transvaalse Onderwysdepartement onderwerp skoolbeginners vir 'n vasgestelde tydperk aan 'n verpligte identifiseringsprogram om op die mees gedifferensieerde wyse in el= ke kind se besondere behoeftes te voorsien. 'n Skoolorganisasie wat in gebre= ke bly om onderwys ooreenkomstig hierdie differensiële persoonlikheidskenmer= ke van leerlinge aan te bied, lê die grondslag vir toekomstige onderprestasie en gedragsprobleme by leerlinge in wie se behoeftes nie voorsien word nie (Hirsch, 1970, p. 84; Kaplan, 1970, p. 77).

Dit is onmoontlik om van die primêre skool personeel te verwag om sonder ge= spesialiseerde opleiding in Voorligting individuele verskille objektief vas te stel en persoonlikheids- en opvoedkundige probleme op te los. 'n Georgani= seerde Voorligtingsprogram in die primêre skool is daarom noodsaaklik vir die gebalanseerde ontwikkeling van die kind (Jones, 1970, p. 106; Adams, 1965, p. 341; Ciavarella, 1973, p. 385; RGN-verslag, 1970, p. 90).

7.4.3.2 Die Voorligtingsprogram

In die miskenning van die plek van Voorligting in die primêre skoolfases, word dikwels aangevoer dat die leerling op daardie stadium nog nie enige vak- of be= roepskeuses hoef te doen nie. Die vestiging van leermotivering, ontwikkeling van kreatiwiteit en oplossing van persoonlikheids- en leerprobleme vorm die grondslag vir 'n gemotiveerde vak-, studierigting- en beroepskeuse na st. 5

Deiulio, 1973, p. 380). Die klem in Voorligting op primêre onderwysvlak word daarom op die voorkomende karakter daarvan gelê (Adams, 1965, p. 341). Re= mediëring en terapie is noodsaaklike fasette van die Voorligtingsprogram, maar 'n eensydige beklemtoning hiervan as enkel-elemente van die program, doen afbreek aan die beginsel van kontinuïteit en preventatiwiteit.

Leerlinge word deur 'n goed georganiseerde Voorligtingsprogram tot 'n realis= tiese selfbegrip, suksesvolle aanpassing in die groep en optimale funksionering in die skolastiese situasie gelei (Kruger, 1977, p. 13; Adams, 1965, p. 350; Jones, 1970, p. 107; Deiulio, 1973, p. 380). Hierdie program moet ook profes= sionele remediëringsdienste insluit, sodat leerprobleme so vroeg as moontlik geïdentifiseer en deur intensiewe terapie uitgeskakel kan word. In die empi= riese ondersoek sal die behoefte aan 'n remediërende onderwyser by skole ge= peil word.

Die uitvoering van Regulasie R434 van 19 Maart 1976, waarvolgens Voorligting in die opleiding van alle onderwysers ingesluit moet word, het ook vordering in die begrip vir die noodsaaklikheid van Voorligting op primêre onderwysvlak te weeg gebring. Elke onderwyser vorm dus deel van die Voorligtingspan. Pro= bleme wat nie in die klaskamer deur die gewone onderwyser/-es opgelos kan word nie, moet na die opgeleide Voorligter en/of Remediërende onderwyser op die personeel van die primêre skool verwys word. Laasgenoemde persone verwys op hul beurt leerlinge via die hoof na die betrokke spesialiste op die personeel van die skoolkliniek. Slegs op hierdie wyse kan die kontinue en voorkomende karakter van Voorligting tot sy reg kom. Die Voorligter en Remediërende spesia= lis van die skoolkliniek kan met betrekking tot werksomvang dikwels beswaarlik daarin slaag om probleme wat deur die skoolhoof by die kliniek aangemeld word, binne afsienbare tyd te hanteer.

Hierdie stelling is gegrond op onderhoude met 'n aantal skoolhoofde in Trans= vaalse skole en navorsing in die buiteland (Ciavarella, 1973, p. 385). Dit sal verder geverifieer word in die empiriese ondersoek.

In Amerikaanse skole word die spanbenadering in die hantering van leerlingpro= bleme deurgevoer, waarvolgens die skoolhoof, personeel, onderwyser-voorligter en betrokke lede van die skoolkliniek telkens terugkoppelingsgesprekke oor die

vordering van leerlinge-in-terapie organiseer (Jones, 1970, p. 118). Op hierdie wyse brei die kennis en ervaring van alle personeellede uit in die identifisering, diagnosering, verwysing en hantering van relatief minder ernstige probleme in die klaskamer.

Die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika kan slegs in die sekondêre skool dividende afwerp met 'n goed georganiseerde, na waarde geskatte en wetenskaplik gefundeerde Voorligtingsprogram in die primêre skoolfases en st. 5.

7.5 Voorligting op sekondêre onderwysvlak

7.5.1 Doel met Voorligting op sekondêre onderwysvlak

Die doelstellings met Voorligting op primêre onderwysvlak (kyk par. 7.4.1) is ook van toepassing op die sekondêre skool. Enkele bykomende doelstellings word vervolgens genoem:

a. As 'n hulpdiens binne 'n stelsel van sekondêre onderwys sluit Voorligting die bepaling van leerlinge se vermoëns, aanlegte, belangstellings en affektiwiteitsfaktore deur gestandaardiseerde psigometriese media in.

b. Deur gebruik te maak van die verkreë inligting, wat aangevul word deur biografiese gegewens en die skolastiese geskiedenis van die kind, word die leerling in 'n onderhoud (beradingsituasie) bygestaan in die maak van persoonlike, opvoedkundige en beroepskeuses (Haasbroek, 1970, p. 69; Bent, 1970, p. 381).

c. Die onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat vat die doel van die departementele sielkundige en Voorligtingsdiens en die Voorligtingsdiens in die skool soos volg saam: "om die jeugdige so te lei dat hy 'n welaangepaste, tevrede, gelukkige en eerlike arbeider in diens van sy Skepper en medemens sal wees" (RGN-verslag, 1970, p. 91).

7.5.2 Komponente van Voorligting

7.5.2.1 Persoonlikheidsvoorligting

In die sekondêre skoolfase verkeer die kind in die adolessente stadium, waar= in 'n geleidelike oorgang na volwassenheid plaasvind. In sy pogings tot self= identifikasie, groepsaanvaarding en beantwoording aan die eise wat deur sy ouers aan hom gestel word, ontstaan konflikte en spanninge. Op grond van on= mondigheid en onervarendheid het die leerling behoefte aan leiding van die vol= wassene (Kowitz, 1974, p. 238).

Die voorligting wat die leerling in hierdie verband ontvang, geskied in 'n pe= dagogiese situasie en behoort deur 'n opgeleide Voorligter in 'n beradingsitu= asie (empatiese gesprek tussen berader en kliënt) plaas te vind (Reyneke, 1974, p. 89; Spies, 1970, p. 39; Jones, 1970, p. 126).

As sosiale wese leef die kind in verskillende samelewingsverbande, naamlik die huis, skool en gemeenskap wat bepaalde norme en waardes aan hom voorhou. Die Christenvoorligter het daarom verder die taak om die leerling vanuit 'n Chris= telike antropologie te lei tot die opbou van 'n eie waardesisteem, wat 'n Chris= telike lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag het.

Persoonlikheidsvoorligting staan egter nie los van die ander twee komponente van Voorligting, naamlik Opvoedkundige en Beroepsvoorligting nie, omdat emosio= nele versteurings in swak skoolprestasie en gebrekkige integrasie van self= kennis en beroepskennis manifesteer (Kruger, 1975, p. 3; Braine, 1976, p. 56).

7.5.2.2 Opvoedkundige Voorligting

In die pedagogiese situasie het die leerling in die besonder behoefte aan lei= ding in die maak van vak-, studierigting- en skoolkeuses. Die leerling moet hulp ontvang in die keuse van bepaalde vlakke (Hoër of Standaardgraad) waarin die vakke binne 'n spesifieke studierigting aangebied word en ook wat die ver= eistes vir matrikulasievrystelling is.

Die Voorligter versamel inligting oor 'n leerling deur die inskakeling van ge= standaardiseerde toetse, bestudering van die leerling se skolastiese geskiede= nis en die raadpleging van ander personeellede wat die leerling goed ken. In die beradingsituasie (psigo-opvoedkundige gesprek) word die leerling gelei tot insig in sy eie vermoëns en tekortkominge en om verantwoorde keuses te doen (Reyneke, 1974, p. 88; Spies, 1970, p. 39; Kruger, 1977, p. 17).

Gebrekkige aktualisering van die intellektuele potensiaal mag 'n manifestasie wees van opvoedings- of opvoedkundige deprivasie in die huislike milieu. In hierdie verband strek die Voorligter se taak wyer as die oriëntering van die kind in die skolastiese situasie. Die ouers moet gelei word om gesonde opvoed= ingspraktyke in die ouerhuis te handhaaf, sodat die leerling daardeur gestimu= leer word tot optimale aktualisering van sy vermoëns (Kruger, 1977, p. 20; Ginzberg, 1973, p. 383; Scott, 1974, p. 39). Die Voorligter lig ook die ander onderwysers oor die oorsake van 'n leerling se probleem in, sodat daar met be= grip en konsekwentheid teenoor dié leerling opgetree kan word (Scott, 1974, p. 39).

Die Voorligter diagnoseer verder ook leerprobleme en verwys leerlinge na die remediërende onderwyser van die skoolkliniek. Opvoedkundige Voorligting sluit ook leiding in die aankweek van korrekte studiemetodes in.

Persoonlikheidsprobleme, wat by die kind voorkom, manifesteer in opvoedkundige en beroepskeuseprobleme, sodat die drie komponente van Voorligting slegs van mekaar onderskei, maar nie geskei kan word nie.

7.5.2.3 Beroepsvoorligting

Voorligting met betrekking tot 'n beroepskeuse geskied in die pedagogiese situ= asie tussen die professionele Voorligter en die leerling op verskillende sta= diums van die skoolloopbaan. Twee van die belangrikste stadiums is teen die einde van sts. 5 en 7, wanneer 'n akademiese of beroepsgerigte (handel-, teg= niese, ens.) studierigting gekies moet word, om so 'n breë beroepsveld daardeur af te baken.

Die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys beklemtoon die gelykwaardig= heid van alle studierigtings deur gedifferensieerde matrikulasievrystellings= vereistes. Hierdeur is die herhaaldelike besware van onderwyskommissies, by= voorbeeld die Nicol- (1939) en Pretoriuskommissies (1951), dat die akademiese rigting as universiteitstoelatingsrigting oorbeklemtoon word, oorkom. Selfs in die komprehensiewe skole van die VSA word Beroepsvoorligting dikwels as 'n bedreiging vir die akademiese studierigting beskou (Wells, 1973, p. 380). In elke geval beskou ouers die akademiese rigting as die voerkanaal na statusbe= roepe.

Die rol wat besoeke aan en ervaring in bepaalde beroepe in Beroepsvoorligting aan die senior sekondêre leerling speel, word veral in die Amerikaanse en Sweedse onderwysstelsels opgemerk. Na ondersoek van Beroepsvoorligtingsprak= tyke in Sweedse skole is bevind dat verteenwoordigers van die staat, onderwys= owerhede en die handelswêreld 'n organisasie "Practical Work Introduction" gestig het om leerlinge in hul laaste twee verpligte skooljare (15 en 16 jaar onderskeidelik) in kontak met bepaalde beroepe te bring (Belding, 1975, p. 48). In die voorlaaste verpligte skooljaar word 'n fabriek, 'n besigheidsfirma en 'n openbare dienslewerings instansie besoek. Die Voorligter, onderwysers en ouers staan die leerling by in die keuse van 'n beroep waarin hy vir 'n tydperk van twee weke in die laaste skooljaar werk. Na hierdie tydperke van beroepserva= ring en insameling van psigometriese data oor die leerling volg onderhoude met die ouers en leerling om tot 'n finale beroepskeuse te kom (Belding, 1975, p. 50).

In 1971 het Marland, onderwyshoof van die VSA, 'n sterk beroepsgerigte onder= wysbeleid ("career education") afgekondig. Dié stelsel het wetenskaplikes in twee kampe verdeel, naamlik voor- en teenstanders daarvan. Smith (1976, p. 41) toon aan dat die skoolsillabusse sover as moontlik by aspekte van bepaalde be= roepe aansluiting moes vind. Besoeke aan nywerhede het die kern van dié stel= sel gevorm. Selfs primêre skole moes hierby inskakel en toere na nywerhede opvolg met tegnieke soos rolspel oor werkers in 'n bepaalde beroep, en groeps= besprekings (Norwich, 1970, p. 391).

Kritici het hierdie nuwe ontwikkeling beskou as 'n direkte uitvloeisel van die na-oorlogse (Tweede Wêreldoorlog) gees, wat in die vyftigerjare op "oorlogs=

kinders" in die primêre skool geloods moes word. Meer ingenieurs, skeikun= diges, wis- en taalkundiges (hoogsgeskooldes) moes Rusland se prestasie met die Sputnik-vuurpyl oortref.

'n Nuwe program "Education for life adjustment" moes hierteenoor 'n onder= wysrenaissance te weeg bring om die kind weer as totaliteit raak te sien. Smith (1976, p. 43) antisipeer die Amerikaanse sentrale opvoedingsdoelstelling in 2001 soos volg: "It's aim is to humanize education - to show students that all forms of work are valuable and worthwhile".

Die bespreking van hierdie aspek van Beroepsvoorligting volgens ontwikkelings= tendense in die buiteland, is aktueel omdat die beroepsektor steeds meer vraag= tekens rondom effektiewe Beroepsvoorligting in die senior sekondêre skoolfase stel. Alhoewel evaluering van die Beroepsvoorligtingspraktyke slegs volgens opvoedkundige norme gedoen kan word, is die kommer van beroepslui op feite ge= grond. Uit onderhoude met 'n groot aantal eerstejaarstudente blyk dit dat Voorligting in al drie komponente op skool nie tot sy reg kom nie. Hierdie saak word in die empiriese ondersoek nagevors.

Die afrigting van leerlinge om slegs te presteer met die oog op 'n bepaalde beroep - 'n beroepsgesentreerde onderwys - vereng die doelstellings van onder= wys en opvoeding. Die hele mens moet in alle aspekte van sy persoonlikheid op= gevoed word. In 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys moet onderwysbeplan= ning rekening hou met die ontstaan, ontwikkeling en verdwyning van beroepe en die mannekragbehoeftes van die land. Beroepsgerigte onderwys moet daarom uit= gebou word, maar dan in 'n kurrikulum waarin die vorming tot weerbare lands= burgers teenwoordig is (RGN-verslag, 1970, p. 8; Nash, 1973, p. 377).

Teenoor die Amerikaanse beskouinge van beroepsleiding in die primêre skool kan gestel word dat die leerling in die primêre skool nog grootliks in die fanta= siestadium van beroepsontwikkeling (vergelyk Ginzberg en Super se ontwikkelings= teorieë) verkeer en nie 'n realistiese begrip het van die verhouding tussen be= roepsbelangstelling en beroepsmoontlikhede nie. Beroepsleiding in die primêre skool wat spesifiek op bepaalde beroepe afgestem is, is daarom misplaasd (Bark= huizen, 1974, p. 11).

Die leerling moet in die primêre skool reeds bewus gemaak word daarvan dat 'n suksesvolle beroepstoekoms voorafgegaan word deur volle aktualisering van ver= moëns en ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid. Deur sy inskakeling in groepsaktiwiteite met 'n gemeenskaplike doel, beleef die leerling reeds iets van 'n arbeidsituasie waar 'n groep individue in afsonderlike take binne die raamwerk van die geheel volgens bepaalde norme funksioneer. Op hierdie wyse ontwikkel die leerling 'n arbeidsgesindheid, leermotivering en toekomsvisie (Nash, 1973, p. 373). Breë opvoedkundige vorming en ontwikkeling van basiese vaardighede is daarom die hoofdoelstellings van primêre onderwys.

Beroepsvoorligting berus op twee komponente, naamlik selfkennis en beroepskennis, wat uiteindelik in 'n verantwoorde beroepskeuse kulmineer (Visser, 1975, p. 1). Die vestiging van hierdie kennis is nie 'n insidentele proses wat op 'n sekere ouderdom 'n aanvang neem nie, maar is die taak van Voorligting deur die kind se hele skoolloopbaan (Muirhead, 1973, p. 370). Ooreenkomstig die verskillende opvoedkundige keuses wat die leerling in en veral aan die einde van die junior sekondêre skoolfase moet maak, word die breë beroepsvelde meer afgebaken, waar= by die oordra van beroepskennis dienooreenkomstig aansluit.

Die vestiging van kennis by die leerling oor sy eie beperkthede en moontlikhede kan in groepsverband deur algemene Persoonlikheidsvoorligting geskied, maar veral deur die inskakeling van gestandaardiseerde psigometriese hulpmedia waarop individuele Voorligting in 'n beradingsituasie volg. Die plek van die kumulatiewe verslaglêer, waarop gegewens oor die leerling tydens sy hele skool= loopbaan aangeteken word, word hoog geag (Bent, 1970, p. 390; Reyneke, 1974, p. 92). Indien die Voorligter 'n gespesialiseerd-opgeleide persoon is, word sy professionele karakter aangetas indien hy nie toegelaat word om kennis oor 'n leerling deur psigometriese toetse in te samel nie. Andersyds word die pro= fessionele etiket en opvoedkundige beginsels verbreek indien psigometriese data deur onopgeleide "Voorligters" ingesamel en geïnterpreteer word.

In die junior sekondêre skoolfase (st. 5 ingesluit) moet verskillende belang= stellingsvelde en beroepe met die leerlinge bespreek word, waarna groepe leer= linge onder leiding van die Voorligter 'n studie van beroepe in 'n bepaalde belangstellingsveld in 'n goed georganiseerde Voorligtingsentrum doen (Snyman, 1975, p. 11; Muirhead, 1973, p. 370; Copa, 1976, p. 177; Ilivicky, 1976, p.

340. Die grense van beroepsvelde word deur die keuse van bepaalde studie= rigtings na st. 7 in 'n mate nouer getrek, sodat beroepsleiding op dieself= de wyse as in die junior sekondêre fase geskied, maar meer afgebaken. Films oor beroepsaktiwiteite binne 'n bepaalde beroepsveld, sowel as 'n beperkte aantal besoeke aan beroepsektore en universiteite kan waardevolle inligting aan die leerling in die senior sekondêre skoolfase bied. Die leerling en sy ouers moet egter opgevoed word tot 'n begrip van hul eie aandeel in ver= kenning van beroepsvelde en van beroepstudie.

Die Voorligter staan die leerling by in die integrering van selfkennis en be= roepskennis met die oog op 'n finale beroepskeuse (Kruger, 1975, p. 23; Sny= man, 1975, p. 13).

7.5.3 Die personeel wat die Voorligtingsprogram deurvoer

Die onderskeie onderwysdepartemente maak gebruik van skoolklinieke om Voor= ligtingsdienste in skole aan te vul en by te staan. In die skole is daar Voorligters wat wissel van persone met geen of weinig gespesialiseerde op= leiding in Voorligting tot toepaslik opgeleide Voorligters. Die afbakening van die onderskeie terreine van die skoolklinieke, inspekteur-sielkundiges en onderwyser-voorligters verskil ook binne die onderwysdepartemente.

Die doel is nie om hier 'n uiteensetting van die Voorligtingstelsels van die onderskeie onderwysdepartemente te gee nie, maar om slegs enkele riglyne met betrekking tot personeel vir Voorligting te trek.

a. Voorligting word op twee vlakke aangebied, naamlik deur die gewone onder= wyser in die klaskamer en die gespesialiseerd-opgeleide Voorligter op die personeel (Schutte, 1964, p. 6; Kruger, 1977, p. 1). In Regulasie R434 van 19 Maart 1976 is die belangrike bepaling vervat, naamlik dat alle onderwysers opleiding in Skoolvoorligting moet ontvang. Hierdie ontwik= keling getuig van 'n nuwe erns met Voorligting as die grondslag vir doel= matige implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel.

b. Die personeel van die skoolkliniek, wat bestaan uit deskundiges op verskillende terreine, vervul 'n noodsaaklike diens as verwysingsbron vir die Voorligter in samewerking met die skoolhoof. Die Voorligter as professionele leier mag egter nooit in die uitvoering van sy taak gereduseer word tot die oordraer van toetsgegewens op kumulatiewe verslagkaarte nie (Ginzberg, 1973, p. 382). Diagnosering, inskakeling van toepaslike psigometriese media, interpretasie van toetsresultate en uitvoering van terapeutiese programme vorm deel van die Voorligter se taak (Scott, 1974, p. 38). Sekere leerprobleme wat op die ortodidaktiese terrein lê, en ander probleme wat die Voorligter nie self kan hanteer nie, word na die deskundige van die kliniek verwys. Noue skakeling met die skoolkliniek is daarom noodsaaklik (Reyneke, 1974, p. 94; Kruger, 1975, p. 21).

c. As deeltydse vakonderwyser word die Voorligter se posisie aan dissipline gekoppel, sodat 'n leerling wat op die een oomblik in die klaskamer gestraf word moeilik die volgende oomblik met 'n dieperliggende probleem na dieselfde onderwyser as Voorligter sal gaan (indien hy beskikbaar sou wees). Die uitvoering van 'n Voorligtingsprogram, wat 'n voorkomende sowel as terapeutiese karakter moet hê, kan ook nie tot sy reg kom in die dubbelrol wat die Voorligter in hierdie verband vervul nie (Braine, 1976, p. 59; Behr, 1974, p. 56). Aan geen ander professionele beroepslui word hierdie eise gestel nie. Die geneesheer doen nie vir 80% van sy tyd verpleêrswerk nie.

In die skole van die VSA word Voorligting deur die volgende drie instansies gehanteer:

(i) onderwysers en skoolhoofde in die uitvoering van hul daaglikse pligte;
(ii) Voorligters wat ook op 'n deeltydse basis onderwys gee; en
(iii) voltydse Voorligters wat aan groepe leerlinge toegewys word (Braine, 1976, p. 57; Bent, 1970, p. 386).

Met betrekking tot (i) en (ii) kom die situasie dus met die Suid-Afrikaanse praktyk ooreen. Die addisionele voltydse Voorligters (iii) verskil van die

skoolklinieke daarin dat hierdie poste by elke skool in verhouding tot die aantal leerlinge ingestel word. In Transvaal is een persoon, byvoorbeeld die Skoolsielkundige (Voorligting) vir al die primêre en sekondêre leerlinge in 'n komprehensiewe eenheid (± 7 000 leerlinge) verantwoordelik.

In die empiriese ondersoek sal die aanwending van personeel vir Voorligting in die Oranje-Vrystaat nagevors word en moontlike aanbevelings gemaak word.

7.5.4 Opleiding van die Voorligter

Die taak wat die Voorligter vervul, geskied in die pedagogiese situasie en moet daarom op pedagogies verantwoordbare beginsels berus. Hierdeur word geïmpliseer dat die Voorligter 'n "wetenskaplik-opgeleide, akademies goed-toegeruste, professionele opvoedkundige moet wees wat die nodige kennis en vaardigheid het in die gebruik en interpretering van beroeps- en opvoedkun= dige materiaal soos toetse, vraelyste,ens." (Kruger, 1975, p. 16). Na deeg= like ondersoek van Voorligtingstelsels in die buiteland, Suid-Afrika en Suidwes-Afrika kom die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting tot dieselfde gevolgtrekking (RGN-verslag, 1970, p. 104).

Wat die inhoudelike betref, moet die opleiding van die Voorligter, wat ten minste op na-graadse vlak behoort te wees, buiten gespesialiseerde vakken= nis ook klem lê op skakeling met onderwysers, ouers van 'n leerling en lede van die skoolsielkundige diens (Haasbroek, 1970, p. 70; Barkhuizen, 1974, p. 19; Reyneke, 1974, p. 94).

Die doel is nie om hier bepaalde kursusse vir die mees doeltreffende opleiding van Voorligters uiteen te sit nie, maar om te beklemtoon dat gespesialiseerde opleiding 'n voorvereiste is in die bereiking van die doelstellings met 'n gedifferensieerde onderwysstelsel.

Die opleidingstandaard van Voorligters in die skole van die Oranje-Vrystaat word in die empiriese ondersoek nagevors.

7.6 Samevatting

Na die bespreking van enkele begrippe is aangetoon dat die begrip Voorligting die leiding aan en vorming van die leerling in die pedagogiese situasie op persoonlike-, opvoedkundige en beroepskeusevlakke omvat. Enkele antropologiese en opvoedkundige beginsels waarop Voorligting berus, is daarna bespreek. Die doel met, personeel vir en praktyk van Voorligting in die primêre skool is vervolgens kortliks uiteengesit.

In die junior en senior sekondêre skoolfases kom die leerling voor verskeie opvoedkundige keuses, asook 'n finale beroepskeuse te staan. Op persoonlike terrein beleef die adolessent emosionele spanning wat met aanpassing in die groep, ouerhuis en ander sosiale situasies gepaard gaan. Hieruit is dit duidelik dat die onvolwassene behoefte het aan leiding van die volwassene met professionele kennis om hom te help in die hantering van sy probleme. Voorligting verskaf daarom 'n noodsaaklike diens aan die leerling in die sekondêre skool.

Na die bespreking van die doel met Voorligting op sekondêre onderwysvlak is die praktyk van Voorligting in die drie komponente Persoonlikheids-, Opvoedkundige- en Beroepsvoorligting uiteengesit. Die personeel vir en opleiding van die Voorligter is daarna kortliks bespreek.

In hoofstuk 8 sal die beplanning en uitvoering van die empiriese ondersoek bespreek word.